

FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD


So werk die Fokustyd:

Vanoggend se prediking dien as inleiding tot ons Fokustyd vir die jaar. Die bedoeling van die Fokustyd is dat ons as gemeente vir vyf weke op 'n gesamentlike saak fokus. Beskou dit as 'n afsonderings- of stiltetyd vir die gemeente.

Die Fokustyd vind op drie vlakke van ons geloofslewe plaas.

1. Daar is vyf dagstukkies geskryf wat 'n hulpmiddel is vir jou persoonlike stiltetyd of huisgodsdien. Maak vir jou 'n vaste tyd en kweek sommer die gewoonte aan om geroetineerd binnekamergodsdien te hou.
2. Daar is 'n groepsriglyn wat gebruik kan word in huisgodsdien, tydens kleingroepsbyeenkomste of Bybelstudiebyeenkomste. Sluit by bestaande kleingroepe aan of begin jou eie kleingroep – al is dit net vir die vyf weke. (Die kerkkantoor sal kan help met meer inligting oor kleingroepe.)
3. Sondae se eredienste sluit ook aan by die Fokustyd. Die oggend se preek word ook in die internasionale diens gepreek en die aand se preek sluit by die betrokke tema aan.

Die ideaal is dat almal in die gemeente op al drie die vlakke betrokke is by die Fokustyd. Indien dit egter nie moontlik is nie, nooi ons jou in alle geval om deel te wees van die Fokustyd.



NB!
Neem asseblief
vanoggend vir jou 'n
FOKUSBOEKIE

Tema van Fokustyd:

Ek kniel voor ons God (Ef 3:14-21)

'n Gebed om groter bewustheid en beleving van ons identiteit in God

Getrek deur die beweging in die GKSA wat as die Kerkgroeistrategie (voorheen Omkeerstrategie) bekend staan is daar besluit om die jaar op persoonlike groei in ons verhouding met God te fokus. Voordat verandering nie by elkeen van ons plaasvind nie, sal daar ook nie verandering in die kerk plaasvind nie. Die verandering begin waar elkeen van ons voor die Here in gebed kniel.

FOKUSTYD 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

Inleiding: Ek kniel in gebed voor ons **VADER**

Week 1: Ek kniel sodat julle deur die **HEILIGE GEES** innerlik sterk sal word

Week 2: Ek kniel sodat **JESUS CHRISTUS** in julle sal woon

Week 3: Ek kniel sodat julle sy **LIEFDE** sal ken

Week 4: Ek kniel sodat julle vervul kan word met die **VOLHEID VAN GOD**

Week 5: Ek kniel sodat God geëer kan word

